

## Twee lofliedere in die hemel

Die sewende engel blaas op sy trompet. 'n Amptelike aankondiging gaan volg. Die aankondiging kom in die vorm van twee lofliedere. Die Here en sy Gesalfde, Christus, is in beheer. Christus is Koning. Hy regeer.

Vier en twintig ouderlinge, dit is al die gelowiges, gaan verder met die lof aan die Here. Hy is van ewigheid tot ewigheid daar. Hy oorwin, selfs al lyk dit of Satan aan die wenkant is. Al gee Satan voor dat hy in beheer is. Die Here se heerskappy op aarde word duidelik sigbaar soos dit reeds in die hemel is. Hy gaan weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel.

Die troos is dat ons wat glo die komende oordeel nie hoef te vrees nie. Christus het reeds vir ons betaal. Hy het ons gekoop met sy bloed. Ons toekoms is verseker by die Here in sy heerlike teenwoordigheid. Omdat die heerlikheid van ons môre reeds gewaarborg is, kan ons vandag vol vreugde en blydschap leef. Ons hoef niks te vrees nie. Nie beproewings, versoekings en selfs nie die dood nie. Christus is in beheer en Hy regeer. Ook in elkeen van ons se lewens in die tyd, omstandighede en plek waar ons leef en werk. Hy ken en bepaal ons adres, geboorte- en sterwensoomblik. Niks kan ons van sy liefde skei nie. Ons is absoluut veilig by Hom!

Daar gebeur 'n aangrypende ding in die hemel. Die hemelse tempel gaan vir die gelowiges oop. En kyk, die verbondsark staan daar! Die Here bly getrou aan sy beloftes aan sy uitverkore kinders. Daar sal ons almal ook wees. Wanneer ons aardse tentwoning afgebreek word, gaan ons die ewige, vaste gebou van God uit die hemel ontvang. Ons gaan die hemelse tempel binnegaan. Daar wag vir ons nie 'n hopelose einde nie, maar 'n eidelose hoop. *Loof die Here!*

*“Hul van wie die naam geskrywe*

*In die Lewensboek sal staan,*

*hulle sal daar binnegaan.”*

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 11, 12